Noble Private Portfolios
Independent Asset Managers

**November 2019**

## Wêreldekonomie

Volgens data wat deur PBoC (People's Bank of China) uitgereik is, het wêreldhandelsvolumes op 'n maand-tot-maand-grondslag in September 2019 met 'n aansienlike 1,3% geval. Prakties was wêreldhandel vir die grootste deel van 2019 in resessie. Dit sal die eerste jaarlikse afname in wêreldhandel wees sedert die finansiëlemark-krisis in 2009. In September 2019 het VSA-markpryse, soos deur die Case Shiller Composite 20 Indeks gemeet, met 'n stewige 0,4% op 'n maand-tot-maand-grondslag (seisoenaal aangepas) gestyg. In die afgelope jaar is huispryse 'n relatiewe matige 2,1% op 'n jaar-tot-jaar-grondslag hoër, wat naby die stadigste jaarlikse styging sedert Augustus 2012 is. Die Instituut vir Aanbodbestuur se data het aangedui dat die VSA se fabriekskoopbestuurdersindeks (KBI) onverwags vanaf 48,3 tot 48,1 gedaal het, tot naby die uitbreidings laagtepunt. Amptelike syfers het aangedui dat Brittanje se ekonomie op sy swakste jaarlikse tempo sedert 2010 groei. Nywerheidsleiers sien min of geen verbetering in 2020 nie. China se fabrieksaktiwiteit het verrassende tekens van verbetering in November getoon, met groei wat tot amper 'n driejaarhoogtepunt verbeter het, volgens 'n privatesektoropname.

## SA Ekonomie

Suid-Afrika se bruto binnelandse produk het met 0,6% in die derde kwartaal ingekrimp. Verbruikersprysgroei het tot 3,7% verlangsaam vergeleke met 4,1% in September het Statistieke Suid-Afrika gesê. Produsenteprysinflasie het in Oktober verlangsaam tot vlakke wat nie sedert April 2015 ervaar is nie. Die jaar-tot-jaar-syfer van 3% was af van 4,1% in September volgens inligting van Stats SA. Twee van die vyf lede van die monetêre beleidskomitee (MBK) wou 'n onmiddellike verlaging van die terugkoopkoers gehad het, maar dit is op 6,5% gelaat, het die president van die Reserwebank, Lesetja Kganyago, gesê. Die Absa koopbestuurdersindeks (KBI) het tot 47,7 indekspunte in November vanaf 48,1 in Oktober geval, volgens 'n verklaring deur die bank. Standard en Poor's Graderingsdienste (S&P) het besluit om SA se internasionale kredietgradering onveranderd op BB te laat (BB is twee kerwe onder beleggingsgradering), maar het die vooruitsig van stabiel na negatief aangepas. Die leidende sakesiklusaanwyser het tot 103,2 in September van 103,8 in Augustus geval, volgens data van die Reserwebank. Syfers wat deur die Departement van Handel en Nywerheid bekendgemaak is, het getoon dat totale verkope van alle voertuigkategorieë met 5,8% in November geval het vergeleke met November 2018. Vir die grootste deel van 2019 was maandelikse buitelandse voertuig verkope minstens 10% beter as die ooreenstemmende tydperk in 2018.

## Tendense en geleenthede

- Wêreldhandel was vir die grootste deel van 2019 in resessie.
- Suid-Afrika se BBP het met 0,6% in die derde kwartaal ingekrimp.
- SA se VPI het tot 3,7% in Oktober verlangsaam.

*"The idea is to go from numbers to information to understanding."* - **Hans Rosling**

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**